

9 Januarie - AFKOM

Skrifgedeelte: Jesaja 64 (NAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 64:1

Waar is God dan? Dit is 'n vraag wat deur die eeue al baie gevra is. Veral as dit swaar gaan, vra ons maklik: Waar is God dan? Ook in ons tyd en in ons land. Waar is Hy? Kyk hoeveel onreg is daar. Kyk hoeveel misdaad is daar. Ja, ook wanneer ons deur 'n persoonlike krisis gaan, kan ons baie maklik vra: Waar is God dan?

Dieselfde vraag het ook deur die volk van God se koppe gemaal toe hulle in ballingskap weggevoer is. Waar is God dan as heidene kom en die volk van God oorwin en in ballingskap wegvoer? Waar is God dan as heidene sy tempel verwoes? Waar is God dan as sy volk al jare in ballingskap is en hulle nie na die beloofde land kan teruggaan nie? Hoekom neem God hulle nie terug nie? Hy het dan al voorheen sy volk uit Egipte bevry en na die beloofde land gelei. Waar is Hy dan nou?

En dan die versugting van vers 1: "As U maar die hemel wou oopskeur en wou afkom sodat die berge voor U skud!" Met ander woorde: Here, kom af en kom help ons!

Die wonderlike nuus is: God het alreeds met die eerste Kersfees die hemel oopgeskeur en afgekom na ons toe, die Woord het vlees geword en onder ons kom woon. God met ons – Immanuel! Dit was die begin van ons wonderbaarlike verlossing! Met Pinkster het God weer die hemel oopgeskeur en deur sy Gees in ons kom woon.

Ja, nog een maal sal die hemel oopgeskeur word. God het al die hemel oopgeskeur met die eerste Kersfees en met Pinkster, en Hy sal dit weer doen met die wederkoms van Jesus. Dan sal God tussen ons kom woon en sal ons Hom van aangesig tot aangesig sien.

Daarom moet ons ook volhardend bid: Kom, Here Jesus, kom gou!

Sing: Skrifberyming 33 (2-4):3

Ds HPM van Rhyn (Pretoria-Noord)